| Terug na Jerusalem! | Omgeegroepe | 1-7 Februarie 2015 |
|---|---|---|

**1. Lief en Leed**
Deel julle lief en leed met mekaar, met die oog op gebed en bemoediging van mekaar.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd**
Raak doelbewus rustig in God se teenwoordigheid. Ervaar die saamwees in sy teenwoordigheid, en bid saam vir die hoor van sy stem uit die Woord.

**3. Luister na God se Woord**
Lees Lukas 24:13-35. Dit is die aangrypende verhaal van twee verwarde gespreksgenote, op pad na Emmaus 12 kilometer buite Jerusalem. Wat val jou met die eerste oogopslag op in die gedeelte? Watse atmosfeer dink jy het tussen die twee geheers? En as die derde gespreksgenoot bykom, hoe sluit Hy aan by die gesprek? Kyk en luister mooi wat dit alles is wat hulle vir Jesus vertel (natuurlik sonder dat hulle weet dit is Hy!).

**4. Luister na mekaar en die wêreld**
Gesels oor die aard van die meeste gesprekke wat ek en jy elke dag voer. Waaroor praat ons met...
Vreemdelinge?
Familie?
Vriende?

**5. Luister nou weer na die Woord**
Lees weer die gedeelte en dink en praat oor die betekenis daarvan: Twee gespreksgenote is op pad na hulle huis, hartseer, verward en onseker. Die aard van hulle gesprek is ernstig en somber en hulle is teleuergesteld in… God! En dan sluit Jesus by hulle aan – en hulle, ironies genoeg, ‘verwyt’ Hom terwyl Hy by hulle is, vir sy afwesigheid! God kom ontmoet hulle as vreemdelinge in ’n hartseer gesprek en belewenis. En dan praat Hy met hulle en gee vir hulle perspektief. Maar dit sou eers by die breek van die brood wees (saam eet) wat hulle oë oopgaan en hulle Hom herken en erken vir Wie Hy is. En dan vat hulle die pad terug na Jerusalem. Met ’n spoed! En hulle gaan vertel. Hulle jubel, hulle juig; hulle getuig!

**6. Fokus op wat God doen**
God kom stap saam met ons, ook in ons tye van seer, worsteling en verwyt. Al herken ons Hom nie. En wanneer ons in sy teenwoordigheid lewe – saameet, kuier en dien – seën Hy ons nie net met die brood van die lewe nie, maar maak Hy ons oë oop sodat ons Hom kan raaksien.

**7. Antwoord met ons lewe**
Kom ons hou dan op met swaarmoedigheid en ’n lewe in die verlede en kom ons gaan terug na Jerusalem. Gaan deel, vertel... Dan sal jy ook by ander hoor: Jesus lewe! En ons saam met Hom!

**8. Bid nou saam**
Dank God dat Hy saam met ons loop en bid dat Hy ons oë sal oopmaak en harte aanraak sodat ons nooit sal bly lê nie, maar sal terugkeer na Jerusalem! Om te deel, te hoor, te getuig! Bid ook vir die jongmense en kinders in die gemeente en die kategete, ouers en begeleiers wat met hulle en saam met hulle en, die belangrikste nog, saam met Jesus ’n pad loop!

**9. Administrasie**
Maak seker van die groep se diensbeurte en ander reëlings van belang.